



Naam en van:

Universiteit:

Meesters:

Doktoraal:

Postdok:

x

Studierigting:

Titel van Artikels:

(En in watter Tydskrif gepubliseer)

Die skending van die menswaardigheid van bruin staatspensioenarisse.

Litnet Akademies.

**Datum wanneer artikels
gepubliseer is:**

September 2017

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomst van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

In hierdie artikel is die sosio-ekonomiese situasie van bruin ouer persone teologies-pastoraal vertolk om te probeer vasstel of hierdie situasie hul menswaardigheid skend. Vir hierdie doel is 'n teologiese teorie van menswaardigheid benut. Die konsep van menseregte wat in diens staan van die beskerming van menswaardigheid is aangewend om die skending van menswaardigheid te bepaal. Die navorsing vir hierdie artikel is deur middel van die fokusgroepmetodologie gedoen. Die volgende sosio-ekonomiese temas is aangeraak: formele akademiese opleiding, kinderarbeid, onvoldoende behuising, onvoldoende mediese sorg, op skuld koop. In 'n bespreking van hierdie kern sosio-ekonomiese temas is bevind dat hierdie groep ouer persone se mensereg tot gepaste akademiese opleiding geskend is aangesien die meerderheid van hierdie ouer persone nie hul basiese onderwysfase kon voltooi nie. Hulle lewe is dus met 'n geweldige agterstand begin. Ook is bevind dat hulle nie die beskerming teen die misbruik van kinderarbeid geniet het nie. Hierdie mensereg teen die misbruik van kinderarbeid is hulle ontsê. Deur die blootstelling oor hulle hele lewe heen aan onvoldoende behuising is hulle die mensereg tot voldoende behuising ontsê. Die mensereg tot voldoende mediese sorg is ook in hulle geval geskend. Die mensereg van vryheid word geskend deurdat hulle nie 'n keuse het as om noodsaaklike lewensmiddele op skuld te koop nie. Al hierdie skendings van hul menseregte het daartoe gelei dat hulle nie voldoende vir die ouderdom voorsiening kon maak nie en daarom van welsynpensioen afhanklik is vir hul lewensonderhoud. So is bevind dat die menswaardigheid van hierdie groep ouer persone oor hulle hele lewensduur geskend is en steeds word. 'n Teologies-pastorale sorgstrategie is voorgestel om hierdie ouer persone in die bevestiging van hul menswaardigheid te bedien. Die teoretiese raamwerk waarbinne hierdie navorsing geskied, is die unieke teologiese konsep van eskatologie, wat nie net dui op die eindtyd nie, maar ook 'n aanduiding is van die essensie van die nuwe wese van mense in Christus. In hierdie pastorale sorgstrategie word die Bybelse identiteit en waarde van ouer persone uitgespel. So kon aangedui word dat ouer persone volgens Sagaria 8:1-8 voorgehou word as simbole en tekens van die nuwe mensheid in Christus. Hierdie toebedeelde identiteit en waarde eis dat ouer persone nie uitgeskuif kan word uit sentrale posisies in die gemeenskap nie. Verskeie moontlike aksieprogramme word in die artikel voorgehou hoedat hierdie toebedeelde identiteit en waarde van ouer